VERVUL JOU ROEPING

HOëRSKOOL **ELDORAIGNE**

# PROSPEKTUS 2018

*Die skool vir jou!*

# Inhoudsopgawe

| | |
|---|---|
| **Algemeen** | **3-8** |
| Visie, Missie, Erekode | 3 |
| Skoollied | 4 |
| Simboliek van ons wapen | 5 |
| Die 10 Sterre waarna ons Reik | 6 |
| Toekomstige Eldo's | 7 |
| Eldo-Bestuur | 7 |
| **Eldo-Akademie** | **9-12** |
| **Eldo-Sentrum vir Uitnemendheid** | **12-13** |
| **Eldo-Skooldrag** | **14-15** |
| Sportdrag | 15 |
| **Eldo-Kultuur** | **16-18** |
| Eldo-Toneel | 16 |
| Kultuurkarnaval | 16 |
| Eldo-Dans | 16 |
| Eldo-Sang: La Voce Studio | 17 |
| Eldo-Zing | 17 |
| Eldo-Ridenté: Koor | 17 |
| Eldo-Musiek: Eldoraigne Musique | 17 |
| Eldo-Ensemble | 18 |
| Eldo-Produksie | 18 |
| Eldo-Redenaars, Orators en Debat | 18 |
| Voortrekkers | 18 |
| **Eldo-Alumni** | **19** |
| **Eldo-Sport** | **20** |
| Eldo-Atletiek | 20 |
| Eldo-Rugby | 20-21 |
| Eldo-Netbal | 21 |
| Eldo-Krieket | 21-22 |
| Eldo-Krieket Akademie | 22 |
| Eldo-Hokkie | 22-23 |
| Eldo-Tennis | 23 |
| Eldo-Landloop | 23 |
| Eldo-Gholf | 23 |
| Eldo-Skaak | 24 |
| Eldo-Trompoppies | 24 |
| Eldo-Sagtebal | 24 |
| Eldo-Skyfskiet | 25 |
| Eldo-Perdesport | 25 |
| Eldo-Swem | 25 |
| Eldo-Muurbal | 26 |
| Eldo-Bergfietsry | 26 |
| Eldo-Boogskiet | 26 |
| **Eldo-Onnies** | **19** |
| **Eldo-Sosiaal en ander** | **27-29** |
| **Eldo-Bemarking** | **30** |
| **Eldo-Infrastruktuur** | **31** |

# Ons Visie

Hoërskool Eldoraigne se leerlinge word toegerus om hulle roeping te vervul.

# Ons Missie

Hoërskool Eldoraigne is ten volle verbind om leerlinge toe te rus om hul roeping te vervul deur:

- Kwaliteit onderrig
- in vennootskap met alle belangegroepe
- deur effektiewe benutting van alle hulpbronne.

# Ons Erekode

As leerling van Hoërskool Eldoraigne onderskryf ek ons gesamentlike strewe, wat soos volg lui:

- Ons streef die vervulling van ons roeping na in die uitlewing van die deugde soos gesimboliseer in ons skoolwapen:
- Waarheid, eerlikheid, regverdigheid, reinheid, lieflikheid, alles wat mooi en goed vir die lewe is.
- Ons belowe trou aan ons land en ons nasie en ons eer ons volkslied en vlag as simbole van ons burgerskap.
- Ons is lojaal teenoor ons skool, ons mede-leerlinge en ons onderwysers.
- Ons stel ons skoolplig voorop en streef na die bevordering en uitbouing van 'n hartlike verhouding tussen leerlinge en personeel en leerlinge onderling.
- Ons betoon aan alle mense die respek wat hulle toekom.
- As seuns en dogters betoon ons aan mekaar die nodige agting en probeer om ons só te gedra, dat ons mekaar se eer altyd waardig sal wees.

# Skoollied

Ons naam: Simbool van strewe
Die Hoërskool Eldoraigne
In wil en werk en lewe
Sal trots jou ster verskyn,
Ons het 'n taak
Ons sal bly waak
Oor groot en ook oor klein
Ons bou tesaam ons skool se naam
Die Hoërskool Eldoraigne

**REFREIN**

Suiderkruis blink oor dale
Teken van ewige pand
Vlam van ons ideale
Vlam oor die groen van ons land
Ons Hoërskool Eldoraigne
Jou leuse sal oor ons skyn
Ons sal ons roeping vervul
Ons sal ons roeping vervul!

Die silwer van die lewe
Word skoner meer en meer
Deur vaste roepingstrewe
Deur arbeid nuut poleer
Behou en bou
Dan bly ons trou
Deur liefde en deur werk
God sal getrou ons hande hou
Met Hom is ons so sterk.

# Simboliek van ons wapen

VERVUL JOU ROEPING

HOëRSKOOL **ELDORAIGNE**

Die simboliek van ons wapen hang nou saam met ons leuse:

## Vervul jou roeping

Die twee kleure van die wapen, wit/silwer teen die groen agtergrond of groen teen ‘n wit agtergrond, het simboliese verband met die leuse. Dit simboliseer die krag en die vuur van die jeug (groen) in sy suiwerheid van strewe (wit) na roepingsvervulling, wat ten beste weergegee kan word in die woorde van Fil. 4:8

### “….alles wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is.”

Binne in die skild is ‘n gestileerde vlam in drie vlakke teen die agtergrond van die Suiderkruis.

Die vlam is simbolies van die Christelike grondslag van ons strewe. Die drie vlakke waarin die vlam verbeeld word, versinnebeeld die drie wesenskenmerke van die Christelike geloofsuitlewing: **Geloof, Hoop, Liefde** - die Geloof wat ‘n vaste vertroue is op wat ons Hoop en wat deur die Liefde geopenbaar word.

Die Suiderkruis wys heen op ons land- en volkverbondenheid. As kinders van die land, ‘n volk onder die Suiderkruis, wil ons ons roeping vervul. Die vyf sterre waarin die Suiderkruis uitpunt, is sinnebeeldig van die karakteradel van **deursettingsvermoë, regverdigheidsin, liefde vir die eie, tradisievastheid en godsdienssin.**

# Die 10 Sterre waarna ons Reik

**E** — **EERLIKHEID**
In alles wat jy dink en doen en sê

**L** — **LIEFDE**
Vir jou God, jou medemens, jou skool

**D** — **DISSIPLINE**
Tree altyd ordelik en opgevoed op; wees betyds

**O** — **ORDENTLIKHEID**
Goeie maniere in alle opsigte

**R** — **RESPEK**
Vir alle mense, jouself en die omgewing

**A** — **AANVAARDING**
Van jou menswees en jou verantwoordelikhede

**I** — **INTEGRITEIT**
Wees opreg; jou woord is jou eer

**G** — **GESINDHEID**
Kies die regte gesindheid om jou roeping te vervul

**N** — **NETHEID**
Wees altyd netjies op jouself en jou omgewing

**E** — **EERBAARHEID**
Teenoor jou skool die beste skool: Hoërskool Eldoraigne

## Toelating van Nuwe Leerlinge

Toelatingsvereistes is goedgekeur deur die Beheerliggaam:

- ★ Die **etos** en **kultuur** van die skool, soos vergestalt deur die gemeenskap.
- ★ Amptelike **onderrigtaal** is Afrikaans.
- ★ By inskrywing moet 'n leerling 'n bevredigende **skolastiese rekord** kan voorlê. Indien dit nie beskikbaar is nie, of indien daar twyfel bestaan, kan 'n leerling aan toetse onderwerp word om sy plasing in 'n bepaalde graad te bepaal. Leerders moet voldoen aan die akademiese standaard wat gestel word.
- ★ 'n Afskrif van die leerling se **identiteitsdokument/geboortesertifikaat**, **oorplasingskaart** en die **nuutste rapport** vanaf die vorige skool moet by inskrywing beskikbaar wees. 'n Afskrif van die **identiteitsdokument** van die ouer verantwoordelik vir die finansies, moet ook ingedien word.
- ★ Leerders moet hulle onderwerp aan die **gedragskode** van die skool.
- ★ **Skoolgeld** soos bepaal deur die ouers tydens die Algemene Ouer Jaarvergadering, is jaarliks betaalbaar. Ouers ontvang maandeliks rekeningstate.

  Huidige skoolfonds is R27 500 per jaar met 'n administrasiefooi van R300. Die eerste paaiement, R2 300, is betaalbaar voor 30 November 2018. Die eerste paaiement en administrasiefooi is nie terugbetaalbaar nie. Die uitstaande balans van **tien paaiemente** word vanaf Januarie tot Oktober betaal.

## Beheerliggaam en Ondersteunersklub

- ★ Die **Beheerliggaam** word saamgestel uit verkose ouers, die Hoof en verteenwoordigers van die personeel, leerders en nie-akademiese personeel, soos voorgeskryf deur die Onderwyswet.
- ★ Die inisiatief van die ouers en hulle wye betrokkenheid by die skool maak van die totale skoolgemeenskap 'n gelukkige, konsensieuse gemeenskap wat saamwerk tot voordeel van die leerders in die skool.
- ★ Die **Bond van Oud-Eldo's (BOE)** en **Ouer-ondersteunersklub (Eldo-Hartklop)** bestaan uit ouers en lede van die gemeenskap wat ten doel het om:
  - Die belange van die leerders, ouers en onderwysers te bevorder.
  - Samehorigheid en lojaliteit tussen alle betrokke partye uit te bou
  - Fondse te in en beskikbaar te stel ter verbetering van fasiliteite en ter ondersteuning van alle buitemuurse aktiwiteite.

## Skoolbestuur

Die skoolbestuur bestaan uit die Hoof, Bestuurshoofde en Departementshoofde.
Die **Bestuurshoof: Akademie asook Departementshoofde** is ook verantwoordelik vir die volgende vakgroeperings:

| Amptelike Tale: | Inligtingstegnologie: |
|---|---|
| ★ Afrikaans | ★ Inligtingstegnologie |
| ★ Engels | ★ Rekenaartoepassingstegnologie |
| Wiskunde: | Tegnologiese vakke: |

| | |
|---|---|
| ★ Wiskunde<br>★ Wiskunde Geletterdheid | ★ Ingenieursgrafika- en Ontwerp<br>★ Tegnologie<br>★ Elektronika<br>★ Gasvryheidstudies<br>★ Verbruikerstudies |
| Natuurwetenskappe | Kunste: |
| ★ Fisiese Wetenskap<br>★ Lewenswetenskappe | ★ Dramatiese Kunste<br>★ Visuele Kuns<br>★ Ontwerp<br>★ Skeppende Kunste |
| Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe: | Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe: |
| ★ Rekeningkunde<br>★ Besigheidstudies<br>★ Ekonomie<br>★ Toerisme | ★ Rekeningkunde<br>★ Besigheidstudies<br>★ Ekonomie<br>★ Toerisme |
| Geesteswetenskappe: | Opvoedkundige Leiding |
| ★ Geografie<br>★ Geskiedenis | ★ Lewensoriëntering |

Die Departementshoofde is verantwoordelik vir alle vakaangeleenthede in hulle departemente en van hulle tree ook op as Graadhoofde van die onderskeie grade. Die Departementshoof Opvoedkundige Leiding (DSO) kan gekontak word vir probleme wat die leerders ervaar, bv. vakkeuses, studiemoontlikhede of persoonlike probleme.

By die skool word hoë prioriteit aan akademie gegee. Die personeel is baie ervare en is hoogs gemotiveerd om die beste resultate te lewer. Daar word jaarliks hoogstaande prestasies gelewer. Die groot aantal leerders wat met sewe en meer onderskeidings slaag, getuig daarvan. Hierdie uitstaande prestasies word op die ererol van die skool aangebring.

Die afgelope paar jaar is die skool telkens aangewys as een van die **top tien akademiese skole in Gauteng**.

Daar word nie net aan die goeie presteerders aandag gegee nie. Alle leerders, veral moontlike druipelinge, ontvang spesiale aandag en hulp sodat hulle ook suksesvol kan wees in hulle studie.

Ekstra klasse word aangebied en leerders volg 'n rooster waar daar spesifieke tydgleuwe aan sport, akademie en kultuur toegeken word.

Verpligte oggendklasse vir Graad 11- en 12-leerders , volgens 'n rooster, word aangebied.

Daar is elke Vrydag en Maandag verpligte studie- en of huiswerkklasse, direk na skool, vir geïdentifiseerde leerders, soos gereël deur onderwysers.

Ons streef daarna om voorsiening te maak vir die uiteenlopende vermoëns, aanleg en belangstelling van individuele leerders in die vakkeuse wat aangebied word.

| VAKKEUSES | |
|---|---|
| **Graad 8-9** | |
| **Verpligte leerareas** | **Verpligte vaardigheidsvakke** |
| ★ Afrikaans<br>★ Engels<br>★ Wiskunde<br>★ Natuurwetenskappe - NW<br>- Fisiese- en Lewenswetenskappe)<br>★ Sosiale Wetenskappe - SW<br>- Geskiedenis<br>- Geografie<br>★ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe EBW<br>- Rekeningkunde: 60%<br>- Besigheidstudies: 40%<br>★ Tegnologie<br>★ Skeppende Kunste<br>- Kuns<br>- Drama<br>★ Lewensoriëntering | ★ Rekenaarstegnologie<br>Verrykkingsvakke - kies een<br>**Verpligte vaardigheidsvakke**<br>★ Tegniese Tekene<br>★ Gasvryheidstudies<br>★ Kunste<br>- Dans<br>- Drama<br>★ Elektronika<br>★ Toerisme<br>★ Sportkunde* - Rugby, Netbal, Hokkie, Krieket, Tennis, Gholf of Skaak. *(*Afhangend van getal belangstelling)*<br><br>***Neem kennis:*** *Indien Kunste gekies word, moet die betrokke of kunste-aktiwiteit ook aangedui word. 'n Kort verslag van deelname en prestasie in die aktiwiteit moet saam met die aansoek om toelating ingedien word. Daar is ruimte in die aansoekvorm hiervoor.* |

| VAKKEUSES |
|---|
| **Graad 10-12** |
| In die graad 8 jaar voltooi al ons graad 8 leerders leervaardigheidstoets en in graad 9, aanleg- en belangstellingstoetse, om die vakkeuseproses te vergemaklik. Tydens 'n spesiale vakkeuse-inligtingsaand wat jaarliks in Augustus vir graad 9 leerders en ouers gehou word, word alle aspekte rakende die vakkeuses, toelatingsvereistes vir tersiêre inrigtings, die uitslae van bogenoemde toetse en vraelyste en ander relevante inligting indringend bespreek. |

| A - Verpligte vakke | |
|---|---|
| Afrikaans (Amptelike Huistaal) | Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid |
| Engels (Eerste Addisionele Taal) | Lewensoriëntering |
| **B - Kies 3 vakke** | |
| Lewenswetenskappe | Geografie |
| Fisiese Wetenskappe | Rekeningkunde |
| Ingenieursgrafika en –ontwerp | Ekonomie |
| Toerisme | Besigheidstudies |
| Gasvryheidstudies | Inligtingstegnologie |
| Ontwerp | Rekenaartoepassingstegnologie |
| Visuele Kuns | Geskiedenis |
| Elektronika | Verbruikerstudies |
| **C - Addisionele vakke** | |
| Frans | Alpha Wiskunde |

# Ander vakaangeleenthede

## Rekenaarverwante vakke

### Rekenaartoepassingstegnologie (RT)

- ★ 'n Verpligte vaardigheidsvak) (Gr 8 en 9)

Daar word wel toetse en eksamen geskryf. Ons poog om doelgerigte kursusmateriaal daar te stel om ons leerders toe te rus met toetsbordvaardighede binne moderne tegnologiese sentrums. Ons fokus in graad-8 op Word, Excel en Powerpoint, terwyl graad 9-leerders gevorderde Excel formules en grafieke behandel, asook webontwerp in HTML.

### Inligtingstegnologie (IT) of Rekenaartoepassingstegnologie (RT)

- ★ Gr 10 - 12

Inligtingstegnologie is onderhewig aan keuring op grond van akademiese prestasie in die vak Wiskunde. (Let wel: Wiskunde en **NIE** Wiskundige Geletterdheid nie **MOET** saam met Inligtingstegnologie geneem word).

**RT verskil van IT in die volgende opsig:**

RT fokus op die hantering van inligting en oplos van probleme deur die gebruikmaking van toepassingspakette (Word, Excel, Access, Powerpoint, Webbladsy ontwerp (HTML) ens). Teoreties word daar in RT aandag geskenk aan die volgende onderwerpe: hardeware, sagteware, netwerke, rekenaar-sekuriteit en rekenaaretiek.

IT fokus op die oplos van probleme hoofsaaklik deur middel van programmering (Scratch, Delphi). Webontwerp en die opstel van 'n databasis vorm ook deel van hul sillabus. IT fokus op aspekte soos e-kommunikasie, mens-rekenaar interaksie, sosiale implikasies van die rekenaar, nuwe tegnologie ens.

## Gasvryheidstudies

- ★ Gr 8 & 9 verryking: keusevak.
- ★ Gr 10 – 12 keusevak

Gasvryheidstudies is 'n opwindende studierigting en van die weinige rigtings waar 'n leerder vanuit die skool in 'n beroep kan instap. Ons leerders is baie gewild by verskeie tersiêre opleidinginstansies danksy van hulle goeie basiese opleiding.
Leerders word by die leerproses betrek deur aktiwiteite wat direk op hul ervaringsveld gerig is. 'n Wye reeks aktiwiteite wat verskeie vaardighede toets en wat vir self-evaluering voorsiening maak, is in elke eenheid vervat, naamlik: **Sjef** - nie net om kos te maak nie, maar ook die fynere kuns om dit aantreklik aan te bied. **Restaurantdiens** - behels Maitre d'hotel, kelner, kroegman en kroegassistent.

Ons spog met `n lieflike restaurant, **La Doraigne**, waarheen ouers tydens praktiese restaurantaande kan wegbreek vir 'n heerlike ete en kuier. 'n Besondere hoë standaard word hier gehandhaaf.

## Sportkunde

- ★ Graad 8 & 9 Verryking: keusevak
- ★ Rugby, Netbal, Hokkie, Tennis, Krieket, Gholf en Skaak
- ★ Afhangend van die getal belangstelling

Sportkunde het ten doel om leerders meer bewus te maak van die wetenskaplike beginsels waarop sport en oefening gebou is en om leerders die geleentheid te bied om vaardighede te ontwikkel en uit te bou in 'n bepaalde sportsoort. Die basiese beginsels, geskiedenis en etiket van die betrokke sport word oorgedra na die leerders, sodat hulle liefde en kennis van die sport geoptimaliseer kan word.

Spesiale aandag word aan individuele vaardighede geskenk. Buiten die vaardighede, word die vak aangewend om die spelers toe te rus as afrigters, skeidsregters, statistikusse, ens. Die leerders maak 'n keuse uit die praktiese komponente. Weens die gespesialiseerdheid van die kursus, kan slegs twintig leerders per sportsoort geakkommodeer word. Spelers kan dus na aanleiding van die aansoeke, aan 'n vaardigheidstoets onderwerp word voor toelating toegestaan word. Leerders wat Sportkunde as vak neem, moet verkieslik ook die sport beoefen by die skool. Sommige sportkunde vakke word deur professionele afrigters hanteer en daarom word daar 'n addisionele fooi daarvoor gehef. Die Sporthoof kan geskakel word vir meer inligting. Sportkunde is die vak om te neem as jy ernstig is oor sport.

### Kuns

In **Graad 8 en 9 is Kuns** een van die komponente van Skeppende Kunste. Dit behels 'n teoretiese komponent (kunsgeskiedenis) en 'n praktiese komponent nl Tekenkuns en Skilderkuns

In **Graad 10-12** neem leerders **Visuele Kuns** of **Ontwerp** as een van hul sewe vakke. In beide hierdie vakke behels die praktiese komponent ten minste een uur se tuiswerk per dag.

### Visuele Kuns

In die praktiese komponent word verskeie dissiplines ingesluit soos skilderkuns, tekenkuns, beeldhoukuns, asook verskeie handvaardighede. In die teoretiese komponent word gefokus op visuele geletterdheid en kunsgeskiedenis, insluitende inheemse kultuur.

### Ontwerp

Die praktiese komponent sluit in grafiese ontwerp, inligtingsontwerp, interieurontwerp, asook ander ontwerpdissiplines. In die teoretiese komponent word gefokus op visuele kommunikasie en die geskiedenis van ontwerp.

### Dramatiese Kunste

In **Graad 8 & 9 is Drama** een van die komponente van **Skeppende Kunste**.

In **Graad 10-12** kan leerders **Dramatiese Kunste** as een van hulle vakke oorweeg. Dit is nie net vir leerders wat akteurs wil word bedoel nie, maar vir almal wat regte, teologie, onderwys of enige ander beroepsrigting kies waarin 'n mens met mense werk. Dit versterk jou selfvertroue en jou vermoë om jouself uit te druk in elke situasie. Die vak bestaan uit 50% teorie, 50% prakties en hope pret.

### Dans

- ★ Gr 8 & 9 verryking: keusevak

Dit word in Graad 8 en 9 as een van die verrykingsvakke aangebied. Die teoretiese komponent behels dansgeskiedenis, musiekgeskiedenis en anatomie. Die praktiese komponent is gebaseer op Kontemporêre dans.

## Tegniese vakke/Ingenieurstudies

- ★ Gr 8 & 9 Verryking: keusevak. Gr 10 – 12 Keusevak
- ★ **Hierdie vakke word aangebied vir leerlinge wat hulle dalk later in 'n ingenieursrigting wil kwalifiseer.**

Handvaardighede en skeppingsvermoë word deur Tegniese Tekene verbeter. Ingenieursgrafika en -ontwerp bied ook die geleentheid om die grondbeginsels van **CAD** aan te leer.

## Tegniese Tekene

Leerders met 'n **tegniese aanleg** kan dus in 'n akademiese studierigting geakkommodeer word deur Tegniese Tekene in Graad 8 en 9 te kies.

## Ingenieursgrafika en –ontwerp

Indien IGO in Graad 10 – 12 geneem word, **MOET Wiskunde** en **NIE** Wiskundige Geletterdheid daarmee saam geneem word. Fisiese Wetenskap is 'n sterk aanbeveling.

## Elektronika

- ★ Gr 8 & 9 Verryking: keusevak.
- ★ Gr 10 – 12 Keusevak

Eldo-Sentrum vir Uitnemendheid

# Buite-kurrikulêre vakke

Sekere ekstra-, agste-, buite-kurrikulêre- en ander verrykingsvakke word op ons skoolterrein aangebied, na die gewone skoolure (07:25 – 14:00)

## Entrepreneurskap

Graad 8-leerders kan Entrepreneurskap as 'n vak neem by Die Sentrum vir Uitnemendheid.  Ons skool is geakkrediteer deur die Noordwes-Universiteit (Potch-kampus) om 'n kursus in Entrepreneurskapvaardighede aan te bied.  Na suksesvolle voltooiing van die kursus ontvang leerders 'n sertifikaat van die Universiteit.

Die kursus strek oor twee of drie jaar (sien uiteensetting) en bied aan elke individu besondere voordele:

- ★ Praktykgerigte opleiding
- ★ 'n Waardevolle sertifikaat om by 'n CV te voeg (sien voorbeeld)
- ★ 'n Voorsprong bo ander persone met werkaansoeke
- ★ Die reglement vir toekennings maak ook voorsiening vir meriete, kleure en erekleure **vir Entrepreneurskap, afhangende van prestasies behaal vir die onderskeie modules**.

Die volgende ter inligting:

- ★ ± vyftien lesse van een uur elk per module – bywoning van die lesse is verpligtend.
- ★ Klasse afgehandel teen einde September.
- ★ Klastoetse:  een per vak – dit vorm deel van die jaarpunt.
- ★ Eksamen:  na afhandeling van elke vak.
- ★ Slaagsyfer:  50% met 'n sub-minimum van 45% in die eksamen.
- ★ Gewone sakrekenaar word benodig.
- ★ Die ideaal is dat leerders in graad 8 met die kursus begin en dit in graad 10 voltooi.

Leerders kan egter ook in graad 9 of graad 10 begin.

Dit is moontlik om twee modules in een jaar te doen en die kursus dus in twee jaar te voltooi:

- ★ Jaar 1 — Module 1
- ★ Jaar 2 — Module 2 en 3 OF Module 2
- ★ Jaar 3 — Module 3

Die tyd en weeksdag van klasse sal saam met die groep bepaal word.
Die koste verbonde aan die kursus word addisioneel deur die ouers betaal, asook die

aankoop van die handboek. Die boek word deur die NWU-kampus verskaf en is die enigste handboekuitgawe vir die hele duur van die kursus.

| Module 1: | Module 2: | Module 3: |
|---|---|---|
| Entrepreneurskap<br>Sakegeleenthede<br>Finansiële Aspekte I | Kleinsakebestuur<br>Bemarking<br>Finansiële Aspekte II | Regsaspekte<br>Finansiële Aspekte III<br>Sakeplan |

## Vliegakademie/Vliegkuns

Die Hoërskool Eldoraigne strewe om vir ons leerders geleenthede te skep, sodat hulle blootstelling kan kry aan verskillende beroepsmoontlikhede, daarom word lugvaart ook as ’n geleentheid aan leerders gebied.

**Die** Eldo Vliegakademie **is in 2012 gestig**. **Daar is kostes verbonde aan hierdie vak.**

Wat bied Eldo Vliegakademie?

★ Veiligheid en dissipline word baie hoog geag.

★ Die moontlikheid om op ‘n jong ouderdom as vlieënier te kwalifiseer.

★ Teoretiese opleiding van hoë gehalte by die skool, deur gekwalifiseerde instrukteurs.

★ Gespesialiseerde praktiese opleiding deur goed opgeleide instrukteurs by Wonderboom Lughawe.

★ Die moontlikheid om in graad 11 met opleiding as lugwaardin te begin en te kwalifiseer in graad 12.

## Ander vakke wat aangebied word:

★ Frans

★ Wen met WIskunde

★ TurboCad

★ Science Clinic








SCIENCE CLINIC
the essentials













# Eldo Skooldrag

Alle leerders dra ‘n effekleurige olimpiese groen (seuns en dogters) soos deur ons klerewinkel verskaf.

## Dogters

| | SOMER | WINTER |
|---|---|---|
| **Romp** | Donkergroen soos deur leweransiers verskaf. | |
| **Langbroek** | Donkergroen soos deur leweransiers verskaf. Verkieslik net in die winter. | |
| **Hemp** | Liggroen polikatoen kortmouhemp met ‘n oopslaankraag.<br>Graad 12: Wit hemp. | Liggroen polikatoen langmouhemp met ‘n toeknoopboordjie en das.<br>Graad 12: Wit hemp. |
| **Kouse** | Kort groen sokkies soos deur leweransiers verskaf | Swart langkouse soos deur leweransiers verskaf. By die langbroeke moet groen sokkies gedra word. |
| **Skoene** | Swart skoolskoene sonder gekleurde insetsels. Geen opgeboude sole nie. | |
| **Trui** | Moulose skooltrui soos deur leweransiers verskaf. ‘n Langmou skooltrui **mag nie** sonder ‘n skoolbaadjie gedra word nie. Moulose skooltrui mag wel sonder die baadjie gedra word. | |
| **Das** | Voorgeskrewe skooldas soos deur leweransiers verskaf | |
| **Haarversierings** | Haarbenodigdhede moet funksioneel wees in die kleure donkergroen, bruin, wit of deurskynend. | |

## Seuns

| | SOMER | WINTER |
|---|---|---|
| **Hemp** | Liggroen polikatoen kortmouhemp, met ‘n oopslaankraag.<br>Graad 12: Wit hemp. | Liggroen polikatoen langmouhemp, met ‘n toeknoopboordjie en das.<br>Graad 12: Wit hemp. |
| **Broek** | Gladde grys poliëster/viskosebroek (langbroek, met swart of grys gordel met standaard gespe). Broek moet netjies pas. Grys kortbroeke mag in die somer gedra word. | |
| **Kouse** | Voorgeskrewe grys skoolkouse met strepe | |
| **Skoene** | Swart skoolskoene sonder gekleurde insetsels. Geen opgeboude sole nie. | |

| | |
|---|---|
| **Trui** | Moulose skooltrui soos deur leweransiers verskaf. 'n Langmou skooltrui **mag nie** sonder 'n skoolbaadjie gedra word nie. Moulose skooltrui mag wel sonder die baadjie gedra word. |
| **Das** | Voorgeskrewe skooldas soos deur leweransiers verskaf. |
| **Pet** | Donkergroen skoolpet soos verskaf deur verskaffers. Opsioneel tydens somer- en wintersdrag. |





## Sportdrag



Spesiale atletiekdrag soos deur ons klerewinkel in die DrakieDen verskaf.

## Ander sportsoorte



Sportklere is beskikbaar by ons skool se klerewinkel in die DrakieDen, vooraf bestellings is noodsaaklik want 'n beperkte voorraad word aangehou.

Sweetpak - beskikbaar by ons skool se klerewinkel in die DrakieDen, vooraf bestellings is noodsaaklik.

**Sweetpak is vir:**

- Buitemuurse aktiwiteite
- Sportkunde-leerders tydens prakties (eerste en tweede kwartaal)
- Opsioneel vir alle leerders op Vrydae of soos aangekondig.

Slegs hardloopskoene of tekkies mag saam met die sweetpak gedra word.

ELDO-hemp:

- Die opsionele hemp (Vrydag-hemp) moet saam met die amptelike sweetpak op 'n Vrydag en by sportbyeenkomste gedra word.

ELDO-sosiale broek:

- 'n Opsionele kniebroek is by die leweransiers beskikbaar en kan tydens sekere sportgeleenthede gedra word.

| HS Eldoraigne Klerewinkel - DrakieDen | Wierdapark Uitrusters | Maretha's | Almega Skool en Sport |
|---|---|---|---|
| Tel: 012 660 2066 | Tel: 012 654 9600 | Tel: 012 660 1118 | Valhalla: 012 654 0172 |
| Christopherweg, Drakieden Skoolgronde | Caltex Building H/v Willem Botha & Springbokstraat Wierdapark | Clubview-sentrum Lytteltonweg Clubview | Almega Valhalla Heklaweg Valhofsentrum 14 |

Sanet Bulwan
Kultuurhoof
kultuur@hseldo.co.za

## Hoërskool Eldoraigne beskou die deelname aan kultuur as 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde kind se opvoeding.

### Toneel

By Hoërskool Eldoraigne is toneel springlewendig en gesond! Vanaf Januarie elke jaar, is leerders fluks besig met repetisies vir die Interne Toneelkompetisie wat vroeg in Mei plaasvind.

## By Hoërskool Eldoraigne het ons 'n ryk tradisie van toneelkuns.

Mnr Quintin Wils
Drama en Toneel Direkteur
wilsq@hseldo.co.za





Tydens die **Interne Toneelkompetisie** is daar jaarliks 'n rekordgetal inskrywings van ten minste tien tonele! Nie net is Hoërskool Eldoraigne se toneelweek enig in sy soort in die hele land nie, maar dit is ook merkwaardig, aangesien meeste tonele se regie deur leerders behartig word.

Van ons tonele neem deel aan kompetisies soos die **RACA Kunstefees, Centurion Kunstefees, Noorderkruin Kunstefees en die ATKV-Tienertoneel kompetisie**. Hulle vaar gewoonlik uitstekend met en word as wenners in verskeie kategorieë aangewys!

Die tonele, Vlossie en Die Koffer, van Hoërskool Eldoraigne was die afgelope jare deur na die landswye ATKV-finaal. In 2015 is die toneel VRIENDIN in die top 5 van die ATKV-kompetisie. Die toneel se skrywer en regisseur is 'n oud-eerling van ons skool, Armand Rossouw.

Ons bied ook jaarliks 'n interskole-toneelfees vir hoërskole aan, nl. die **Eldo-toneelfees**. Ten minste 25 tonele van regoor Gauteng, skryf vir hierdie kompetisie in. 6 van die tonele wat hier deelgeneem het, het al in die Top 10 tienertonele landswyd geeïndig. Dit is dus duidelik dat Hoërskool Eldoraigne beslis 'n krag op toneelgebied is.

### Kultuurkarnaval

Die hoogtepunt en beste vertoonvenster van wat werklik in die kultuurhart van die skool aangaan, word weerspieël in die jaarlikse Kultuurkarnaval. Dit neem die vorm van graadgroepkonserte aan, waartydens die leerders verantwoordelik is vir die volle spektrum van 'n kultuurkonsert. Die uitbeeld van 'n tema, die bemarking, die verversings en die program, is deel van 'n grootskaalse interne kompetisie. Wenners in elke kategorie word aangekondig en die graadwenners met die hoogste punte, kry ook ruim erkenning. Items op die planke wissel tussen sang, drama, dans, instrumentale items, kunswerke en skryfkuns. 'n Bak-en-brou afdeling is nuut op die kalender en kry groot aftrek. Die punte wat in grade verwerf word, word in die onderskeie huise (Trojane, Spartane en Germane) verwerk om algeheel die beste huis aan te wys.

Me Amor le Roux
Dans Promotor
lerouxa@hseldo.co.za



### Dans

Daar vind jaarliks 'n **Eldo Danskunswedstryd** plaas waaraan leerders móét deelneem, wat wil kwalifiseer vir finale bepalings van kleure en erekleure.

Hoërskool Eldoraigne het ons eie **DANSSTUDIO!** Die studio word bedryf deur professionele danskundiges en leerders kry die geleentheid om danseksamens te doen en aan verskeie opvoerings deel te neem.

Die dansstyl wat hoofsaaklik aangebied word, is Kontemporêre dans, maar ook modern en jazz. Die doel is om goed opgeleide en veelsydige dansers te kweek wie se lewens verryk sal word deur blootstelling aan dans.

Buiten die prakties word leerders ook onderrig in choreografie, dansanatomie, dansterminologie, musiek en dansgeskiedenis, teater en verhoogetiket, beligting, verhooggrimering, persoonlike versorging, voorkoms en groepwerk.


## Eldo Sangstudio - La Voce Studio

Die skool beskik oor 'n sangstudio wat deur professionele buitepersone hanteer word. Die onderrig vind naskool plaas. Daar word aan verskeie kompetisies deelgeneem, waaronder die Eisteddfod, Centurion Kunstefees, Afrikaanse Kunsvereniging en De Kraal Sangkompetisie. Dit word bedryf deur **Monique Smuts en ons eie oud-Eldo en onderwyser Cobus Smuts**. Indien u belangstel, kontak hulle gerus by **moniquekoster@gmail.com**

Me Amanda Fouché
Sang Promotor
fouchea@hseldo.co.za

## Eldo-Zing

Hierdie jaarlikse solosangkompetisie is 'n opwindende gebeurtenis. Daar word uitdunne gehou van alle soliste in ons skool, wat graag wil deelneem en dan, op 'n finale aand word daar deur professionele beoordelaars, kategorie wenners, 'n gehoorkeuse aangewys en natuurlik 'n algehele wenner aangewys. Daar is heerlike pryse op die spel. Februarie en Maart is sang-maand!



## Koor

Wat 'n voorreg is dit nie om deel te wees van ELDO-RIDENTÉ nie!
Enige leerling van Graad 8 - 12 kan, nadat 'n oudisie geslaag is, 'n Eldo-Ridenté lid word. Die koor is 'n tuiste vir almal!

'n Tradisie het ontstaan deur elke jaar met 'n koorkamp af te skop. Die kampe het al gewissel van baie warm tot sopnat. Dit word gehou by 'n geskikte kampterrein en daar is altyd groot opgewondenheid onder die leerders, omdat daar tussen die singery deur sokker gespeel, boeresport gehou en gekuier word.

Me Elsie Henn
Koor Promotor
henne@hseldo.co.za

Jaarliks word daar 'n koorkomitee gekies, wat behulpsaam is met dissipline en sekere administratiewe reëlings. Die Koorkomitee lewer altyd 'n puik bydrae, daarvan getuig die inhuldigingsfunksie, op die koorkamp, van nuwe lede. Na die formele aktiwiteite afgehandel is, kuier almal gewoonlik heerlik saam langs 'n groot boma-vuur! 'n Verdere tradisie, is die kuier saam met die ouers aan die einde van die kamp, waartydens die hele familie uitgenooi word, om na 'n informele vertoning te luister. Wanneer die geleentheid hom voordoen, toer die koor graag.



Die jaarprogram begin gewoonlik met 'n koorfees, waaraan talle kore deelneem. Dit is altyd 'n besonderse mooi aand met kosbare oomblikke. Eldo Ridenté tree dikwels saam met gaskunstenaars, soos bv. Jannie Moolman en Tussen Sterre op. Die koor word die geleentheid gebied om verskeie uitvoerings op verskillende plekke te lewer. Die koorleier is die bekende en gesogte persoon in koorkringe, Ferdinand Liebenberg. Die koor sal altyd na puik kwaliteit strewe en sing om die beste in almal se harte wakker te maak.

## Eldoraigne Musiq

Hoërskool Eldoraigne beskik oor 'n eie, buitemuurse musiek-fasiliteit, waar elke leerling wat baie graag 'n instrument wil leer bespeel, of reeds besig is en wil aangaan daarmee, geholpe kan raak.

Me Polyda van Niekerk
Musiek Promotor
vanniekerkp@hseldo.co.za

ELDO MUSIQ probeer vir enige instrument en styl `n onderwyser reël wat na-ure by die skool die lesse kan aanbied. Die onderwyser-leerling verhouding funksioneer op presies dieselfde manier as privaat musieklesse en word alle reëlings oor lestye en lesgelde tussen die betrokke onderwyser en ouer uitsorteer. PRAKTIESE instrumente waarin onderrig tans plaasvind, is klavier (jazz en klassiek), kitaar (klassiek, `sosiaal' en

elektries), dromme, viool, tjello, dwarsfluit en blokfluit. MUSIEKTEORIE-klasse word ook in die middae aangebied op individuele- en/of groepsvlak, afhangende van die graad en behoefte van die leerders.

## Ensemble

Ons het ook ons eie **ELDO MUSIQ ensemble** in 2012 die lig laat sien: `n Samevoeging van 10 – 15 verskillende instrumente, die mees opwindende leerskool vir enige musikus. Enige instrument 'pas' in, klaviere en kitare en selfs mondfluitjies is welkom! Enige speelvlak word in ag geneem en geakkommodeer.  Enige musiekstyl word aangepak – dus NIE SLEGS KLASSIEK NIE. Ons het reeds by verskeie geleenthede by die skool opgetree en hoop om die Tshwane Kunstefees; Beeld Eisteddfodd en ander bestaande geleenthede vir hierdie instrumentale groep te ondersoek. Hoërskool Eldoraigne het al vier jaar agtereenvolgend, die Centurion Kunstefees se musiekafdeling gewen!

## Produksie

Hoërskool Eldoraigne bied jaarliks óf 'n musikale blyspel óf 'n groot kultuurproduksie aan, waaraan alle leerders, wat 'n oudisie slaag, deelneem. 'n Liefdadigheidsoptrede van hierdie produksie, is die kultuurleerders se manier om dankie te sê vir hope talent. Oor die laaste paar jaar voer ons verskeie produksies op waaronder andere, **KATVOET, SKOUSPEL** en **SANG-EN-DANS** vertonings! 2017 se massaproduksie was 'n groot sukses en jy mag nie 2018 se beste ervarings misloop nie!

## Redenaars en Orators

Op redenaarsgebied is die Hoërskool Eldoraigne besonder aktief en beslis die heel beste redenaarskool in Pretoria!

Belangstellende leerders word by ons die geleentheid gebied om die woordkuns te bemeester en te ontwikkel. Dit is beslis 'n lewensvaardigheid wat uiteindelik deure oopmaak vir leerders, omdat hulle kan kommunikeer sonder enige vrees om voor mense op te tree.

Alle leerders kry in die eerste kwartaal 'n geleentheid om 'n toespraak te lewer in Afrikaans en Engels, tydens lesperiodes. Op so 'n wyse word talentvolle leerders geïdentifiseer, wat weer aan die interne- uitdunrondtes en finaal deelneem.
Ons redenaars neem deel aan die **Onvoorbereide Van Huyssteens Noord-Gauteng kompetisie** se span- en individuele afdeling in **Afrikaans, Engels en Tweetalig**. Die Eldo's oorheers jaarliks hierdie kompetisie. Ons wen altyd verskeie individuele en spanafdelings.

In September kry die leerders weer geleentheid om aan die **Radikale Redenaarsfees (Afrikaans en Engels)** deel te neem. Dit is 'n heerlike ontspannende kompetisie met baie span –en individuele deelname wat verskeie genres insluit soos voorbereide toesprake asook eksperimentele toesprake waar jy werklik "vryheid van spraak" kan toepas. In die kompetisie kan enige leerling aan die span en/of individuele afdelings deelneem.

Agtien leerders (9 Juniors en 9 Seniors) kry ook die geleentheid om aan die **ATKV-redenaarskompetisie** deel te neem. Na afloop van ons interne kompetisie word daar bepaal op grond van die uitslag wie hieraan deelneem. Tans bestaan dié kompetisie uit 'n onvoorbereide- (6 leerders) en voorbereide afdeling (3 leerders). In dié kompetisie druk die Eldo's behoorlik hulle stempel af. Ons het altyd 'n groot aantal leerders wat aan die Noord-Gauteng semi-finaal deelneem  asook leerders  wat aan die landswye finaal deelneem.

## Voortrekkers

Die Eldoraigne Voortrekkers is deel van die Sytze Wierdakommando. Daar is elke jaar minstens twee Presidentsverkenners en bykans al die matriek-verkenners slaag ook die hoofleierswageksamen.

Eldo Ensemblé

Me Polyda van Niekerk
Musiek Promotor
vanniekerkp@hseldo.co.za



Eldo Produksie

Me Sanet Bulwan
Kultuurhoof
kultuur@hseldo.co.za

Eldo Redenaars

Me Estelle Greyling
Redenaars Promotor
greylinge@hseldo.co.za

Eldo Orators

Me Joelien Botha
Orators Promotor
bothaj@hseldo.co.za

Eldo Debat

Me Maché Piek
Debat Promotor
piekm@hseldo.co.za



*Hier is net 'n páár van ons oud-Eldo's wat na skool bewys het hulle is Eldo-Super sterre op verskeie terreine!*



Robbie Coetzee Leeus Rugby



Stephan Lewies Springbok Rugby



Pikkie de Villiers Leeus Rugby



Nadia Velvekens Aktrise



Izel Bezuidenhout Aktrise



Charlize Bergh Sangeres



Charné Bosman Comrades Kampioen



Mornay Smith SA Junior Springbok Rugby



Theuns Ehlers SA Snr Middelafstand Atleet



Anneke Beukman SA 0/21 Hokkie



Johan Grobler SA Snr Spiesgooi




Paul Loots Akteur

Johan du Toit
Sporthoof
dutoitj@hseldo.co.za

**Ons sportfasiliteite is van wêreldgehalte.
Ons Astro-hokkieveld, rugby- en krieketvelde het almal spreiligte.**

**Sportkunde word as vak aangebied in verskeie sportsoorte. (Sien bladsy 10)**

## Atletiek

Mnr Nico van Heerden
Atletiek Direkteur
vanheerdenn@hseldo.co.za





Atletiek word jaarliks meer kompeterend, daarvan getuig die baie nuwe rekords! Reeds in September begin ons met die Drakiades (informele identifisering van atlete) en tydens die Naboomspruit-TOP 10 is dit duidelik dat ons individuele atlete beter en sterker na vore tree. Dit gaan baie goed in al die TOP 10-byeenkomste en tydens elke byeenkoms word van ons atlete as die TOP atlete bekroon.

Ons neem jaarliks aan die Gautengkampioenskappe, AGN-kampioenskappe en SA-skole deel. Antionette van der Merwe is die Gauteng kampioen in haar onderskeie items. Sy hardloop A-standaard kwalifiserende tye vir moontlike insluiting in die Junior Statebondspele span vir 2018. Tien van ons leerders word in die Gautengspan opgeneem.

Ons is voortdurend besig met die ontwikkeling en opgradering van al ons atletiek fasiliteite om te verseker dat ons net die beste afrigters, fasiliteite en toerusting vir al ons leerders bied. Ons is geweldig trots op ons atlete en ewe opgewonde oor die ontwikkeling van ons ongelooflike en energieke afrigterspan. Ons beskik oor top afrigters wat gekwalifiseerd en entoesiasties is.

## Rugby

Mnr Louis Dekker
Rugby Direkteur
dekkerl@hseldo.co.za







**Ons neem aan die Makro-skole liga: VirSeker Beker en TUKS Skolereeks deel.**

In die bestaansgeskiedenis van Hoërskool Eldoraigne het verskeie spelers die SA-Skolespan, SA-Akademiespan, provinsiale O/20 en senior spanne al verteenwoordig. Stephan Lewies (Springbok); Mornay Smit (SA Junior Bokke 2018), Robbie Coetzee (Leeus); Pikkie De Villiers (Leeus), John-Wessel Bell (Pumas), Willem Odendaal (Valke), Mornay Smith en Sarel-Marco Smit (SA-skole), Danny Botha, Wessel Kruger en Robbie Coetzee (SA-skole Akademiespan) is almal oud Eldo's.

Hoërskool Eldoraigne is die enigste skool in Pretoria wat daarmee kan spog dat hy drie jaar agtereenvolgens, twee Stadsbekerwenners per jaar kon oplewer. Ons neem sedert 2006 aan die Tuks Skolereeks reeks deel waaraan die Top 13 skole in Gauteng, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga deelneem.

Ons hou jaarliks 'n 'derby' teen Hoërskool Zwartkop wat deel uit maak van die FNB Classic Clash.

Geleentheid word aan alle spelers gebied om te ontwikkel as rugbyspelers en ook te verbeter in hulle posisies. Daardeur kan elke speler tot sy volle potensiaal ontwikkel en sy rugbyloopbaan op skool geniet en uitleef. Daar word gepoog om 'n minimum van tien wedstryde per span per jaar te reël. Rugbytoere word jaarliks tydens die April vakansie soos volg beplan:

★ 1e span KES Festival in Johannesburg
★ 0/15A na AHS toernooi
★ 0/14A en 0/16A na Paarl Gimnasium, Paarl

In 2015 lewer ons een Cravenweek, twee Noordvaal- en nege 0/16-Blouspelers op. 2017 word Burger Maritz, Barend Bezuidenhout in die Blou Bulle Provinsiale spanne opgeneem. Shayne Bolton word vir die Blou Bulle 7's 0/17-span verkies.




Verskeie afrigters met ondervinding in afrigting op provinsiale en nasionale vlak maak deel uit van ons afrigtingskorps. Nege van ons afrigters het al op nasionale vlak afgerig. Konsultante wat professioneel afrig word op 'n gereelde basis gebruik om spanne behulpsaam te wees met skopafrigting, verdediging en afrigting van fasette.

**Word deel van die "Green White Dynamite"!**

## Netbal

Me Yolandi Dannhauser
Netbal Direkteur
dannhausery@hseldo.co.za

**Deelname: Jubilee-reeks (Groot-skole liga) en TUKS skolereeks.**

2015 was 'n ongelooflike netbaljaar. Hoërskool Eldoraigne kom algeheel **TWEEDE in die TUKS Skolereeks**. Die hoogtepunt was egter die feit dat twee van ons A-spanne weereens in die Top Schools SASN gespeel het. In 2017 eindig ons 1ste span **TWEEDE in Suid-Afrika** en wen silwer.




In die TUKS Skolereeks wen die 0/14-, 0/16- en 0/17-spanne die finaal van hulle ouderdomsgroep en word gekroon as die TUKS Skolereeks kampioene

In die D4-liga en Tshwane-liga wen die 0/16A-span die Tshwane kampioenskap. In die D4-liga eindig die 0/16A-span eerste, die 0/14A-span tweede en die 0/15A- en 0/17A-span derde. Al drie hierdie spanne dring deur na die Gauteng kampioenskappe. Die 0/15A-en 0/16A-span eindig beide tweede.




## Krieket

Die strategie vir die ontwikkeling van Eldo-Krieket vir die tydperk 2017 tot 2019 kan soos volg illustreer word.




Figuur 1: Ontwikkeling van Krieket

Mnr Gerhard Stoop
Krieket Direkteur
stoopg@hseldo.co.za



Die klem is op ontwikkeling en die illustrasie wys vir u dat daar spesiale aandag aan 2018 se nuwe Eldo-Krieketspelers gegee word. Eldo-Krieket erken dat krieket net een aspek van u seun se algehele ontwikkeling is en derhalwe heg ons baie waarde aan effektiewe kommunikasie met u as ouer. Die kommunikasie is daarop gemik om te verseker dat u altyd betyds en ten volle ingelig sal wees van wanneer en waar u seun moet wees om te oefen of wedstryd speel. Die ander belangrike aspek van die kommunikasie met u as krieketouer is die elektroniese stelsel wat ons gebruik om spelers se statistiek by te hou en vordering te monitor, wat ook in oorleg met u as ouer geskied.

Eldo-Krieket se fasiliteite, is behalwe vir ons spelers en bekwame afrigters, ons grootste bate. Die fasiliteite word optimaal benut om tot die ontwikkeling van die spelers by te

dra. Daar is vyf binnemuurse nette en vyf buite nette. Turf oefennette en 'n verdere drie sintetiese nette word beplan.

## Krieket Akademie

Eldo-krieket volg 'n struktureerde program om die ontwikkeling van elke krieketspeler te verseker. Die krieketfasiliteite en bekwame afrigters wie beproefde afrigtingstegnieke gebruik bied aan elke speler 'n uitstekende en opwindende geleentheid op maksimale ontwikkeling. Die Eldo-Krieket Akademie spreek al die fasette van die spel aan. Die spel het tegnies so vinnig vooruit gegaan en inaggenome die hoeveelheid krieket wat in die moderne era gespeel word, is dit in elke speler se belang dat sy/hy individuele afrigting ontvang. Die akademie is vir alle bestaande en voornemende Eldo-Krieketspelers toeganklik en kan aan almal se behoeftes voldoen.

## Hokkie

**Deelname Groot-skole liga en TUKS Skolereeks**

Daar word twaalf dogterspanne en sewe seunsspanne in die onderskeie ligas ingeskryf.

**Ons spog met die TOP Astro fasiliteite in die hele Centurion omgewing.**
Dit sal verseker baie nasionale en internasionale blootstelling aan spelers gee. Die opening van ons **Hokkie Akademie** is ook iets waarop ons baie trots is.

Me Hester Swart
Hokkie Direkteur
swarth@hseldo.co.za

Mnr Kirk Mendoza
Eldoraigne Astro Bestuurder
mendozak@hseldo.co.za

## Dogtershokkie

Ons dogters neem deel aan die A1-liga waar die agt topskole van Gauteng-Noord teen mekaar deelneem en dan is daar ook altyd van ons A-spanne wat deurdring tot die Noordvaal.

In 2016 het die 0/16A span in die Stadsbeker semi-finaal gespeel. Hulle kwalifiseer ook vir die Noordvaal kompetisie.

'n Groot hoogtepunt jaarliks is ook die TUKS Skolereeks waar twaalf Top skole teen mekaar meeding. Dit eindig wanneer al die spanne, na uitdunrondtes, tydens die eerste week in Mei aan die finaal deelneem.

Ons poog om al die spanne bloot te stel aan 'n kursus in die April-vakansie by onderskeidelik Potchefstroom, Kaapstad en Bloemfontein. By die kursusse kry die spelers nog blootstelling op Astro en leer ook nuwe tegnieke.

Vir die B- en C-spanne word daar afrigtingskursusse gereël by die skool onder leiding van bekwame afrigters, oud-Eldo spelers en die **Never Stop Performing Academy**.

In 2016 het ons twaalf dogters en een seun wat gekies was vir die onderskeie Northens spanne. Ons is trots op die agt dogters wat vir die onderskeie Northernsspanne gekies is.

## Seunshokkie

Seunshokkie by Hoërskool Eldoraigne gaan van krag tot krag!

Daar word drie A-spanne in die A-liga ingeskryf, O/14, O/16 en die 1ste span. Met uitstaande afrigting en toegewyde afrigters, het die seuns se vaardighede, spel en tegnieke met rasse skrede toegeneem! Ons seunshokkie beskik oor 'n afrigter, Kirk Mendoza 'n **Internasionale hokkieskeidsregter**, wat met sy hokkiekundigheid die spelers ook op die gebied van skeidsreg ontwikkel.

Ons 1ste span seuns speel jaarliks in die **KES Festival,** waar hulle teen vyf van die top tien seuns spanne in Suid-Afrika meeding. Daar word jaarliks hokkietoere onderneem, waar elke seun die geleentheid kry om homself te verbeter en sy eie, unieke talent verder te ontwikkel. In die TUKS Skolereeks vaar die seuns altyd uitstekend.

Daar word jaarliks ook 'n tweede, 0/16B en 0/14B span ingeskryf in die C1-liga sodat meer seuns die geleentheid kan kry om aktief hokkie te speel. Die FNB Classic Clash is ook jaarliks 'n hoogtepunt op die kalender! Hulle kry ook geleentheid om hulle staal









te wys in die Northens proewe. Die seuns neem ook deel aan hulle eie Noordvaal kompetisie, wat skitterende hokkie oplewer.

Seunshokkie in Eldoraigne groei jaar na jaar en met die seuns se ywer, passie en toewyding gaan ons nog groot hoogtes bereik!

## Tennis

Deelname: Gauteng-Noord liga, TUKS Skolereeks, en Skole kampioenskap.
Hoërskool Eldoraigne bied volop geleentheid vir tennisspelers om hulle staal te wys. ‘n Hoogtepunt is die TUKS Skolereeks. In die eerste kwartaal neem al die senior dogterspanne deel aan die Gauteng-Noord liga. In die tweede kwartaal neem al die junior spanne (seuns & dogters), asook die senior seuns aan die Gauteng-Noord liga deel. In 2015 wen die senior dogters hulle Gauteng-Noord liga en ons is beslis baie trots op hierdie dogters!

Gedurende die derde kwartaal word daar ‘n Junior Kampioenskappe gehou vir (Graad 7 - 8) leerders asook Senior Kampioenskappe vir die seniors.(Gr 9 - 11) Hierdeur kan leerders reeds daag vir die daarop volgende jaar se spanne en so word tennis dan ook bevorder. Ons skryf jaarliks tot tien spanne in vir die liga.

Ons het reeds verskeie spelers opgelewer wat as die beste in hul ouderdom in Suid-Afrika aangewys is.

Eldo Tennis

Me Marette Kotze
Tennis Promotor
kotzem@hseldo.co.za



## Landloop

Tydens die TUKSreeks wen die junior seuns die kompetisie en eindig die senior seuns baie na aan Kemptonpark. Dit was slegs tydens die 6 x 2km afloswedloop waar die span van Kemptonpark ons met ‘n enkele punt kon wen. Algeheel eindig die seuns egter as wenners.

By die AGNSSLL-reeks neem 46 skole aan ‘n reeks van vier wedlope en ‘n aflos deel en ook hier vaar ons besonder goed. Die senior seuns eindig 4de en die junior seuns 6de. Ons eindig algeheel vierde in die reeks. Tydens die AGNSSLL-prysuitdeling ontvang beide Brett van Staden en Keagan Hunter toekennings: Brons vir algehele posisies is behaal tydens die reeks.

Tydens die Noordvaal-reeks gaan dit besonder goed. Na afloop van die skolereeks word die top AGNSSLL-spanne toegelaat tot die Noordvaal in óf die landloop óf die aflosafdeling.Beide die junior- en seniorseuns neem aan die landloopreeks deel en eindig in ‘n baie goeie vierde plek.Die dogters neem aan die aflosreeks deel en hier eindig die gemengde, sowel as die dogtersspan algeheel in die 2de plekke.

Nege van ons atlete word in die provinsiale span vir die Nasionale Kampioenskappe opgeneem. Hier presteer Keagan Hunter besonder goed en behaal hy ‘n algehele 11de plek. Hoërskool Eldoraigne landloop gaan van krag tot krag en word elke jaar net sterker en beter!

Eldo Landloop

Mnr Alet Kieser
Landloop Promotor
kiesera@hseldo.co.za



## Gholf

Ons binnenshuise fasiliteite wat deel vorm van ons krieket akademie, gee jou as speler ook die kans om te ontwikkel as gholfspeler.

Drie ligaspanne word ook jaarliks ingeskryf, wat dan aan die plaaslike liga in Pretoria deelneem. Dit vind plaas in die derde kwartaal. Verder is daar verskeie groot toernooie waaraan spelers deelneem bv. die TUKS Skolereeks, Super 6- uitdaging, Voorsitterstrofee, asook die Rob Ferreira toernooi in Witrivier.

Daar is ook jaarliks ’n gholftoer na die Kus of Laeveld. In Noord-Gauteng word junior gholf sedert 1990 as skoolsport bedryf. Gedurende hierdie tydperk was Eldoraigne reeds by verskeie geleenthede die Noord-Gautengwenners. Verskeie provinsiale spelers is al opgelewer, onder andere wenners van die SA Junior-Kampioenskappe en ‘n wenner van die SA Senior Amateur-ope. Een van ons spelers het ‘n gholfbeurs ontvang vir studies in die VSA. Ons was ook al drie keer die trotste wenners van die

Eldo Gholf

Mnr Buckie King
Gholf Promotor
kingb@hseldo.co.za



TUKS Skolereeks,  asook die Voorsitterstrofee. Met internasionale gholfbane in Pretoria is daar goeie geleentheid vir top gholfspelers en die kweek van gedugte skoolspanne.

## Skaak

Mnr Johan Herbst
Skaak Promotor
herbstj@hseldo.co.za

Vir die leerling wat breinkrag en logiese denke wil gebruik: word ‘n skaakspeler! Skaak is ‘n sport waarin jou spel en nie jou spiere nie, bepaal wie wen.

Ons hoogtepunt is jaarliks die TUKS-skoletoernooi wat drie dae duur, waar sestien skole se tien beste spelers teen mekaar meeding. Gedurende die tweede kwartaal neem ons spanne aan die Noord-Gauteng skoleliga deel.



Ons leerders word aangemoedig om aan verskeie individuele toernooie deel te neem. Sulke deelname is goeie oefening en kosbare ervaring.

Ons Gauteng-, Noord-Gauteng- en Mid-Gautengspelers help ook graag nuwelinge touwys maak in die fynere kunsies van die spel. Daar is ook elke pouse informele skaak in K1, waar almal welkom is.



Ons nooi alle nuwe leerders uit om deel te wees van hierdie opwindende spel wat jou konsentrasie, breinkrag en redeneringsvermoë ontwikkel.

## Trompoppies

Die trompoppies van Hoërskool Eldoraigne is ‘n gedugte span. Ons bestaan al sedert 1989 en ons prestasies die afgelope 29 jaar spreek van deursettingsvermoë, innovering en toewyding. Sedert 2002 tel ons span onder die Top 5 in Suid-Afrika.



Ons behoort aan die Gauteng Majorette Cheerleading Association (GMCA) en kompeteer met die beste skole in Gauteng. Besondere prestasies word jaarliks behaal - ons was al drie keer provinsiale wenners. In 2014 was ons landswyd derde in die Elite Squad:  Champion of Champions kompetisie, in 2015 tweede en in 2016 weer derde. Eldoraigne neem deel aan al die kategorieë: large drill, small drill, flag, mace en non prop.



Ons is baie trots op wat ons al vermag het en streef hoë ideale na vir die toekoms. Die groep bestaan uit 30 – 45 meisies wat soos een groot familie saamwerk. Ons trompoppies verwerf volle erekleure indien ons onder die Top 5 op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe eindig. Ons drummies verwerf jaarliks provinsiale kleure. Hier word selfdissipline, pligsgetrouheid en selfvertroue gekweek, te midde van baie harde werk en pret. Al twee van ons afrigters (Christine Pretorius en Veronica Stiglingh) het provinsiale kleure, en nasionale kleure. Die promotor, me Marié Joubert en hoofafrigter Christine Pretorius is opgeneem in die “Drummie Hall of Fame”.

**Een vir almal en almal vir een!**

## Sagtebal

Sagtebal is sinoniem met Saamstaan, Sterre-wees en Sportmangees!

Me Rika Davel
Sagtebal Promotor
davelr@hseldo.co.za

As jy deel wil wees van een van die opwindenste sportsoorte by Eldoraigne, moet jy gedurende die DERDE kwartaal aan sagtebal deelneem. Die Sagtebal-seisoen is elke jaar vir almal betrokke, ‘n ontspannende pret-tydperk. Daar word hard geoefen en elke wedstryd word met erns benader, maar nooit sonder baie pret en plesier nie!
Ons het verskeie buite afrigters en onderwysers wat passievol is oor die sport en al is dit die eerste keer wat jy speel, sal jy gou leer hoe en wat jy moet doen.

Ons skryf jaarliks verskeie spanne in vir die liga en vaar altyd uitstekend. In 2015 speel die eerste span in dié liga in die finaal en die 0/16A-span in die Plaat-finaal. Dogters word ook jaarliks in die Noord-Gauteng en SA-skole spanne opgeneem. Ons het in 2015 sewe leerders wat Gauteng-Noord kleure verwerf. Karlu Lyons en Michelle Hamman word verkies tot die SA-All Stars span.



## Skyfskiet

Skyfskiet is 'n sportsoort vir enige seun of meisie met 'n gedissiplineerde persoonlikheid, geduld en die wilskrag om teen hom- of haarself te kompeteer. Hoërskool Eldoraigne is bevoorreg om een van die skole in Pretoria te wees wat nog dié sportsoort aanbied en bevorder. Ons skool neem deel aan die luggeweer-kompetisies, ook genoem die "sporterklas"-kompetisies.

Ons skiet meestal in 3P kompetisies (lê, staan en kniel) en soms ook die 10m staan kompetisie. Alle beginners skiet eers in die lê posisie, voordat hul bevorder word na die 3P.

Skuts het die geleentheid om by die skool te oefen, neem deel aan kompetisies teen omliggende skole en word aangemoedig om aan al die proewe deel te neem. Ons skryf in vir nasionale kompetisies wat jaarliks in verskeie provinsies plaasvind. Die skool beskik oor 24 gewere waarmee skuts kan skiet, maar meeste van die skuts besit reeds hul eie gewere en toerusting.

Tans bestaan ons span uit 35 seuns en meisies uit alle grade. Ons oefen Maandae, Dinsdae en Donderdae in twee sessies by die skool se buitelugbaan. Alle kompetisies en ligas vind plaas by Zanandi-vakansieoord in Hartbeespoortdam, waar die hele provinsie se skuts deelneem. Ons beskik oor bekwame afrigters wat self in die sportsoort presteer het.

Agt van ons leerders word in 2015 tot die Noord-Gautengspan verkies. Alle teikenkaarte word met 'n merkmasjien gemerk. Ouers help as merkers en baanoffisiere tydens die kompetisies. **Eldo-skyfskiet is 'n sport waar die hele familie deel van die skuts-familie kan word.**

Mnr Tiaan le Roux
Skyfskiet Promotor
lerouxt@hseldo.co.za





## Perdesport

Ons het 'n formidabele span van veertien ruiters! Alle leerders is egter welkom om aan te sluit en ons sal graag nuwe jong ruiters in ons midde wil verwelkom.

Ons neem deel aan die Gauteng-Noord liga wat deur SANESA aangebied word. Daar is vier liga byeenkomste elke jaar waarna 'n Gauteng-Noord span gekies word. Die ruiters wat in die Gauteng-Noord span opgeneem word, neem aan 'n finale byeenkoms deel waar hulle kan kwalifiseer vir Gauteng kleure. Die Gauteng span neem aan 'n Nasionale Kompetisie deel.

Daar was agt Eldo- ruiters in die Gauteng-Noord span in 2015. Ruiters kry afrigting by hulle onderskeie ryskole en moet hulle eie perde hê of huur.

**Sluit aan by ons span – ons is geesdriftig, uniek en entoesiasties.**

Mnr Gehard Stoop
Direkteur:
Gespesialiseerde Sport
stoopg@hseldo.co.za



## Swem

Die Eldo's beskik oor 'n gedugte swemspan wat jaarliks aan die Interhoër B-liga en verskeie vriendskaplike galas deelneem.

Die swemspan gaan jaarliks van krag tot krag en het beslis golwe gemaak toe ons in die B-liga begin deelneem het. Ons wys dus waarlik ons kan meeding met skole wat al baie jare swem en oor 'n swembad beskik!

Ons trots is Enrico Myburgh en Jacques Malan wat as die Victor Ludorum senior en junior onderskeidelik, by die 2016 Interhoër aangewys is.

Ons kan met reg sê dat ons elke jaar kan sien hoe die talent groei in die swembad. Die swemmers oefen elke middag van 14:15 - 16:30, vanaf die eerste kwartaal tot en met die Interhoër. Die leerders word met 'n bus swembad toe vervoer.

Entoesiasme, uithouvermoë en dissipline is wat die Eldo-swemspan uniek en suksesvol maak!

Mnr Gerrit Steyn
Swem Promotor
steyng@hseldo.co.za



## Muurbal

Muurbal neem aan die skoleliga en TUKS Skolereeks deel. Die skool beskik oor professionele afrigters wat regdeur die jaar met die muurbalspelers werk.

## Bergfietsry

Bergfietsry word deel van ons groot sport geleenthede in 2017. Ons is baie trots en opgewonde om te sien hoe die leerders gaan presteer. Ons neem in 2017 deel aan die SPUR-Reeks en ons fietsryers geniet die nuwe uitdaging baie. Ons sien uit na die ontwikkeling van hierdie sportsoort.

## Boogskiet

Boogskiet word deel van ons groot sport geleenthede in 2017. Werner Groenewald word gekies vir die Gauteng Centreshot-span (Gauteng B), wat deelgeneem het aan die NASP-Interprovinsialekompetisie Die span behaal 'n silwer medalje op die kompetisie. Ons bied ook die NASP-Interskolekompetisies aan by ons skool. 'n Totaal van 255 skuts uit 29 skole van regoor Gauteng en Noord-Wes neem deel aan hierdie kompetisies. 2018 gaan voorwaar 'n kolskoot jaar wees vir Eldo-boogskiet!

Mnr Gehard Stoop
Direkteur:
Gespesialiseerde Sport
stoopg@hseldo.co.za







*Hier is 'n **páár***
*Eldo-Onderwyser Super-sterre!*




Wenner van Internasionale Broadway Awards Toneel en Drama





SA Netbal Fast5 Speler 2017
Fireballz Netbalspeler




SA-A Rugby Afrigter
PUMA Curriebeker Afrigter
Valke Curriebeker Afrigter




SA Netbal Fast5 Speler
SA A-Netbal





TUKS 0/21 Jongspan & 0/20 Afrigter
Valke Curriebeker Speler
Biarritz Speler




Leeus Vodacom Cup Speler




FIH Hokkieskeidsregter





LJ van Zyl & Lyndsay Hanekom
Olimpiese 400m Hekkies
Atlete Afrigter

## Meriete-aande



Spesiale toekennings word gemaak aan alle leerders wat uitstaande prestasies op die volgende gebiede lewer: akademie, kultuur, sport, dienslewering, leierskap en betrokkenheid. Die leerders kan meriete-toekennings, kleure en erekleure verdien, afhangende van die prestasie. Hierdie toekennings word jaarliks tydens ‘n spoggeleentheid gemaak. Daar is ‘n reglement waarvolgens alle toekennings gedoen word.

## Dagboek




Elke leerling kry ‘n dagboek waarin al die belangrike aktiwiteite van die jaar aangedui word. Die sesdagsiklus van die skoolrooster word hierin uiteengesit, asook die noodsaaklikste reëls en daaglikse roetine, sodat elke leerling van alle sake kennis neem. Die gedragskode vir leerders word ook in die Dagboek vervat.

## Eldo-in-druk



“ELDO-IN-DRUK”, is die mondstuk en koerant waarin Eldoraigners verslag lewer oor die kwartaal se aktiwiteite, en belangrike gebeurtenisse en interessante nuus met mekaar deel. Die redaksie bestaan uit leerders van graad 8 tot 12 en hierdie kreatiewe “joernaliste” is altyd op soek na **nuus**. Enige leerling wat betrokke wil raak by die skryf en/of uitleg van artikels, neem van foto’s, onderhoudvoering ens. kan deel word van die redaksie. Dit verskyn twee maal per jaar.

## Mnr en Mej Eldoraigne



Die Mnr & Mej Eldoraigne kompetisie word jaarliks aangebied. Leerders van die skool stem om te bepaal wie die finaliste is. Hierdie kompetisie is nog ‘n hoogtepunt op ons skoolkalender en is van hoogstaande gehalte. Die finaliste leer ‘n hele aantal lewensvaardighede, soos onderhoudvoering, modelwerk, verhoogoptrede en mikrofoongebruik. Liefdadigheid is die hoofrol van hierdie kompetisie en borge help dit moontlik maak.

## Junior Stadsraad

Drie van ons leerders (Gr 10 -12) kry jaarliks die geleentheid om deel te wees van die Pretoria Junior Stadsraad. Dit is ‘n unieke geleentheid vir leerders om hulle leierskap te ontwikkel en gemeenskapsdiens te verrig. Verskeie van ons leerders is al verkies as Junior Burgermeester en/of Onder-Burgermeester.

## LR (Leierraad ) & VLR (Verteenwoordigende leerlingraad)

Die leierstruktuur bestaan uit ‘n Leierraad wat bestaan uit graad 12-leerders wat aan die einde van hulle graad 11 jaar verkies word. Uit hierdie Leierraad word ‘n Hoofseun- & dogter as ook Voorsitters vir die onderskeie portefeuljes (Akademie, Kultuur, Sosiaal, Sport, Welwillendheid) verkies. Daar word jaarliks verteenwoordigers verkies vir Graad 8 – 12 wat die VLR vorm. Hierdie leiers word per voogklas verkies (3 seuns en 3 dogters per klas) Die VLR is die spreekbuis vir leerders en hulle reël en hanteer verskeie sosiale geleenthede by die skool. Hierdie leerders word getaak om dissipline en orde te handhaaf by die skool en is ook verantwoordelik vir diensbeurte by skool-kultuur- en sportbyeenkomste. Daar word ook volgens voorgekrewe reels van die GDO, lede verkies uit die VLR om op die Beheerliggaam te dien.

Eldo Leierraad

Me Suzette Malan
& Mnr Buckie King
LR Hoofde
malans@hseldo.co.za
kingb@hseldo.co.za

Me Celeste Braybrooke
VLR Hoof
braybrookec@hseldo.co.za

## Noodhulp

Eldoraigne het oor ‘n goedopgeleide skole-noodhulpspan wat in staat is om basiese dienste by sportbyeenkomste te lewer. Dié span lewer waardevolle en noodsaaklike hulp tydens alle skoolaktiwiteite waar noodhulp benodig word.

Eldo Noodhulp

## Liefdadigheid

Die personeel en leerders van Hoërskool Eldoraigne reik in deernis ‘n helpende hand uit na lede van die gemeenskap wat in nood verkeer, uit dankbaarheid vir die voorregte wat ons mag geniet. Die Welwillendheidkomitee van die VLR, is baie aktief betrokke by fondsinsamelingsprojekte. Hierdie projekte maak dit moontlik om ruim donasies te maak aan bv. leerders van die gemeenskap wat in nood verkeer.

Eldo Welwillendheid

## Vakolimpiades



Ons leerders het jaarliks geleentheid om aan die volgende olimpiades deel te neem:

- ★ Wiskunde
- ★ Senior Afrikaans Olimpiade
- ★ Junior Afrikaans Olimpiade
- ★ Tweetaligheidseksamen
- ★ Spelathon
- ★ Talethon
- ★ Algemene Kennis Olimpiade
- ★ Natuurwetenskap Olimpiade
- ★ Rekeningkunde Olimpiade



Leerders ontvang kleure/erekleure vir uitsonderlike prestasies. Verdere inligting oor hoe om deel te neem, is verkrygbaar by die onderskeie vakpersoneel.

## Ekspo



- ★ Leerders kan hulself inskryf vir **Die Stigting van Afrikaans se Ekspo**. Leerders kan wanneer hulle deurdring na en presteer in die Nasionale Ekspo medaljes, kleure en erekleure verwerf.
- ★ Leerders in die **Departement Natuurwetenskappe** het al groot suksesse met die Ekspo behaal.

## Berading, Jeugwerk en Sielkundige dienste




Hoërskool Eldoraigne het 'n span beraders om die leerders, asook gesinne van ons skool, te kan help waar nodig. Hierdie span bestaan uit verskillende persone met verskillende velde van vaardighede en kwalifikasies.

Sielkundiges is beskikbaar. (Skakel die skool vir afsprake.)

Probleme word aanvanklik by die Graadhoofde aangemeld, waarna die spesifieke geval na die geskikte berader verwys word. Gesprekke word konfidensieel hanteer. Leerders is ook welkom om hulself by enige van bogenoemde dienste aan te meld en daar is ook 'n posbussie beskikbaar vir aanmeldings.


## Liefde Leef



Kom beleef hoe ons as Eldo's liefde beleef en uitleef. Een keer per siklus kom ons bymekaar as die 'Liefde Leef' beweging van Eldoraigne. Saam wil ons 'n verskil maak as dogters en seuns in ons skool. Ons wil die #BTG - Be that Girl en Be the Guy leerders wees wat ander liefhet en 'n impak maak op ons skool en ons samelewing. "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" Fill 4:13


Eldo Fotografie

## Fotografieklub



As jy belangstel om deel te wees van die fotografieklub by Eldoraigne is jy welkom om aan te sluit.

Dié klub is baie aktief en leerders neem foto's van die aktiwiteite by die skool. Dit is dan beskikbaar vir die Eldo-in-druk, Jaarblad en Facebook en ander media Dink net hoe goed sal jy voel as jou naam aan die onderkant van die foto staan!



Me. Wilna Lombaard en verskeie van ons skool se ouers hanteer die fotografieklub. Die klub kom een keer per maand bymekaar om na almal se mooiste foto's wat "gekiek" is te kyk, daar word ook temas behandel, opleiding gegee en uitstappies gereël.

Daar is 'n koste aan verbonde en jy moet jou eie kamera hê!

## Drakie Den

Ons skool het ook ’n puik snoepwinkel waar leerders voor skool, tydens pouses en na skool kan kies en keur uit al die lekkernye en smaaklike etes wat teen billike pryse te koop aangebied word. Leerders kan ook hul nodige skryfbehoeftes daar aankoop. Ons klerewinkel is deel van die Drakie Den. Die Drakie Den beskik oor volledige kaartfasiliteite.



## Sosiaal en pretdae

By die Eldo’s is daar verskeie geleenthede om sosiaal te verkeer. Deur die loop van die jaar word die **Valentyns**- en **Lentebal** aangebied. Verskeie pretdae en geesvangdae is ook deel van die sosiale kalender. Kom deel in **PI-Dag, Moldag, die hoof se verjaardag!**

## EVP-Program & Konsert

Al die graad 8-leerders is vrywillig betrokke by die Eldo-verwelkomingsprogram en konsert. Dit maak die leerders touwys oor die tradisies van die skool en hulle leer ook waardevolle inligting oor die skool nog voor die skool amptelik begin! Hierdie is ‘n hoogtepunt en word deur die graad12-Leierraad en die voogde hanteer. Die graad 8-leerders is baie kreatief en innoverend en bied jaarliks ‘n puik konsert aan! Die program en konsert bind die graad 8’s as ‘n eenheid saam en burger hulle op hierdie wyse gou in as ‘n ware Eldo’s!





## Busvervoer

### Ons het busroetes regoor Centurion wat ons Eldo’s oplaai en na die skool vervoer.

Hoërskool Eldoraigne bied in samewerking met ‘n buite-maatskappy, busvervoer na en van die skool. Die skool is geensins verantwoordelik vir die vervoer nie en doen slegs die reëlings om dit makliker vir leerders te maak om van die diens gebruik te maak. Die skool, personeel of beheerliggaam kan dus nie aanspreeklik gehou word as die kontrakteur nalatig is nie. Leerders maak dus van hierdie busdiens op eie risiko gebruik.

Me Suzette Viljoen
Finansies Algemeen
viljoens@hseldo.co.za

**Roetes:**

- ★ **Roete 1: Rooihuiskraal, The Reeds, Amberfield**
- ★ **Roetes 2,3 & 4: Midstream, Wierda Glen**

Die **bogenoemde roetes** word bedien deur Hoërskool Eldoraigne se skoolbussies wat vanaf bogenoemde areas leerlinge kan vervoer. Daar is egter slegs plek vir dertien leerlinge per bussie. Die aantal bussies sal bepaal word deur die getal belangstellendes in die aansoekproses.

- ★ **Estate, Clubview, Eldoraigne**

- ★ **Valhalla, Voortrekkerhoogte, Garsfontein**

- ★ Kaartjie-pryse word jaarliks hersien, en daar is tans twee tipe kaartjies beskikbaar:
  - R200 (10 ritte teen R20 per rit)
  - R300 (20 ritte teen R15 per rit)






Leerders moet jaarliks registreer/herregistreer by die Finansieskantoor om van die busvervoer gebruik te maak. Slegs leerders wat aansoek doen sal aanvaar word. Reëlings mag onderhewig wees aan wysigings, maar die skool sal u vroegtydig daarvan in kennis stel. U spoedige terugvoer sal waardeer word.

Roetes sal gefinaliseer word nie later as 31 Januarie 2019 nie, na gelang van terugvoer vanaf ouers/voogde ontvang. Leerlinge sal dienooreenkomstig ingelig word.

**Eldo Bemarking**






## Webblad

Ons skool beskik oor sy eie webblad, besoek ons gerus by **www.hseldo.co.za**. Alle inligting rakende die skool, asook vakkeuses en studierigtings vir junior en senior leerders is hier beskikbaar.

## School-Communicator

Die **d6 School Communicator**. is 'n maklike en eenvoudige manier van kommunikasie. U kan die weeklikse skoolprogram en kort informasie van wat plaasgevind het by die skool vinnig en effektief bestudeer.

WAT MOET U DOEN?

U kan die communicator aflaai by:
<u>**http://www.school-communicator.com/downloads.**</u> Volg net die instruksies.

Elke oggend as u die rekenaar aanskakel sal die "School Communicator" eenmalig op u skerm verskyn (pop-up) U verwyder dit van die skerm as u dit klaar bestudeer het, of as u op die logo kliek op die *desktop*, sal dit weer verskyn. Slegs wanneer ons dringende nuus aan die ouers wil deurgee (ALERT) sal die **School Communicator** weer verskyn.

Wat verskaf die School Communicator alles?

- ★ **Nuus:** Meer breedvoerige inligting en belangrike informasie wat ons met u wil deel. Die weeklikse **Eldo-Info** met al die vorige week se nuus, prestasies en uitslae!
- ★ **Kalender:** Die weeklikse program voor wat by die skool plaasvind.
- ★ **Foto's:** Slegs 'n paar foto's van dit wat plaasgevind het by die skool
- ★ **Bronne:** Alle advertensies, omsendbriewe, toetsroosters en belangrike inligting





## Eldoraigne App

Is u baie op u selfoon besig? Laai gerus ons eie Eldoraigne App gratis af vanaf die iStore of Google Play.

## Facebook, Instagram, Twitter, YouTube, LinkedIn

Gaan volg ons gerus op al ons sosiale platvorms. Hier gaan jy die hart van Eldoraigne in aksie sien in die gerief van jou huis op jou telefoon, jou tablet of jou rekenaar. Geniet die vars nuus, foto's of sosiale pret wat by Hoërskool Eldoraigne gebeur! #eldotrots #eldoraigne #dieSKOOLvirjou






Eldo *Infrastruktuur*

## Fasiliteite

Het jy geweet Hoërskool Eldoraigne beskik oor die volgende fasiliteite? Eldo's kry die geleentheid om hul roeping te ontwikkel en te vervul met hierdie wêreldklasfasiliteite tot elkeen se beskikking elke dag.
















































Hoërskool Eldoraigne is **'n gelukkige skool**, met gelukkige kinders, onderwysers en ouergemeenskap. Ons missie is om ons jeug te koester en met liefde, agting en empatie op te voed tot volwassenheid. Ons doel is om hulle gawes en talente te ontwikkel, sodat hulle toekomsstigters, volksbouers en probleemoplossers kan wees, met respek vir die skepping. Ons strewe daarna om 'n gesonde balans te handhaaf tussen **akademie, sport en kultuur.**

Ons wil saam met ons ouers in vennootskap tree om jongmense van integriteit, met 'n positiewe toekomsverwagting te kweek. Daarom nooi ons julle om deel te word van Hoërskool Eldoraigne om sodoende

**"Jou roeping te vervul!"**

Ons het jongmense met visie nodig, wat nog **GROOT DROME** kan droom en uitdagings met entoesiasme kan aanpak!

**Hoërskool Eldoraigne**
**Christopherweg 26**
**Eldoraigne**
**Posbus 52224**
**Wierdapark**
**0149**

**012 660 2066/7 of 012 660 2270**
**eldo@hseldo.co.za**
**www@hseldo.co.za**

©2018 Hoërskool Eldoraigne. Kopiereg Voorbehou.